

Ek is jammer.

E.K.M. Dido.

LETTERLIKE VRAE

Vraag 1.

- 1.1. Skryf die woorde uit volgende uittreksel uit die storie vir die stellings wat volg:

Die twee tienerseuns sit gebukkend vooroor met hulle hande slap tussen hulle uitgestrekte bene op die koel, wit marmerklip. So af en toe gee elkeen 'n swaar sug. Die een tel 'n hand vol skerp, grys klippies langs hom op, en laat dit weer een vir een uit sy hand glip.

- a. EEN woord vir die aantal seuns wat daar sit. (1)
b. TWEE woorde wat sê die seuns sit NIE regop NIE. (1)
c. EEN woord wat sê hulle bene is NIE gevou nie. (1)
d. TWEE woorde wat die klip waarop hulle sit beskryf. (1)
e. 'n DEEL van 'n woord wat sê op watter tipe klip hulle sit. (1)
- 1.2. Haal TWEE WOORDE aan uit die begin van die storie wat bewys dat die seuns nog op skool is. (2)
- 1.3. Haal TWEE dinge aan uit die storie wat bewys hoe dit is waar hulle sit. (2)
- 1.4. Onder wat se tipe boom sit hulle? (1)
- 1.5. Vul die oop spasies in n.a.v. die voëls wat in die storie genoem word:
In die takke van boom bokant hulle 1.5.1. _____ 'n 1.5.2. _____
en 'n 1.5.3. _____ sweef uit die blou lug en gaan sit 1.5.4. _____
_____ op die mamerblad. (4)
- 1.6. Noem die TWEE ander dinge waaraan die seuns hulle nie steur nie, behalwe die mossie. Noem DRIE feite. (3)
- 1.7. Wat lyk snaaks nou dat die grond gelyk en die marmer op is? (1)
- 1.8. Wat kan ons aflei is dit eintlik uit dit wat gesê word? (1)
- 1.9. Wat is die name van die twee seuns wat daar sit? (2)
- 1.10. Waaroor sê Mike vir Dingo is hy jammer. Gee TWEE feite. (2)
- 1.11. Wat is Dingo se volle name? (1)
- 1.12. Wanneer was Dingo gebore? (1)
- 1.13. Wanneer is Dingo oorlede? (1)
- 1.14. Sê in jare en maande hoe oud Dingo was toe hy dood is? (2)
- 1.15. Wat is die boodskap op die grafsteen? (3)
- 1.16. Wat wonder Mike? (1)

1.17. Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

Charlie antwoord Mike nie gou nie toe Mike wonder of Dingo hulle kan hoor.

1.18. Hoe weet ons dat Charlie hartseer is en wil-wil huil? Gee TWEE feite. (2)

1.19. Waaraan blaas Charlie eers sy neus? (1)

1.20. Hoekom dink Charlie kan Dingo hulle hoor? (1)

1.21. Waarop was Charlie eenkeer lank voor hierdie goed gebeur het? (1)

1.22. Hoe het Charlie daardie dag waarvan hy vir Mike vertel het, hoog geraak. Gee VIER feite. (4)

1.23. Wat is tik-tik? (2)

1.24. Wat se uitwerking het tik-tik op Charlie? (1)

1.25. Wat moes hy by die huis in sy kieste druk om te kon stilbly? (1)

1.26. Wat was Charlie daardie dag verplig om te doen oor die tannie by wie hy gebly het hom so uitgekyk het? Gee TWEE feite. (2)

1.27. Wat was op die TV? (1)

1.28. Waaroor het die predikante op die program gestry? (1)

1.29. Wat gebeur voor Charlie 'n verdere woord by sy mond kan uitkry? (1)

1.30. Waar gaan kniel Mike? (1)

1.31. Wat doen Mike terwyl hy daar kniel? (1)

1.32. Wat sê Mike aanhoudend vir Dingo. Haal sy DIREKTE woorde aan uit die storie. (2)

1.33. Wat doen Mike nadat hy bedaar het? Haal DRIE feite aan uit die storie. (3)

1.34. Wat vra Mike na 'n lang tyd vir Charlie? (2)

1.35. Hoe troos Charlie vir Mike na sy uitbarsting? (1)

1.36. Wie, behlawe Mike en Charlie, mis Dingo ook? (2)

1.37. Mike wil dan verder weet wat die predikante te sê gehad het en wikkkel hom onder Charlie se omhelsing uit? Wat sê Charlie toe vir hom moet hy nie op hom en Dingo uithaal nie? (1)

1.38. Hoekom sê Charlie kon hy nie die die kanaal verander toe hy en die tannie sit en TV kyk het nie? (1)

1.39. Wat doen hy nadat hy vir Mike vertel het dooie mande kan hulle hoor? 4)

1.40. Wat sê Charlie asof skielik iets onthou het? (2)

1.41. Hoekom kyk Mike Charlie agterdogtig aan en vra hom wat

makeer? (1)

- 1.42. Wat se euphoria, hallusinasie of versinnebeelding het Charlie daardie dag gehad. (5)
- 1.43. Wat het Charlie vir die eerste keer daardie dag gedoen? (1)
- 1.44. Wat sweer Charlie vir Dingo voor Mike het na die *happenings* gebeur? Haal sy DIREKTE woorde aan. (4)
- 1.45. Wat behalwe dwelms het Charlie ook gelos? (1)
- 1.46. Wat sou 'n toeskouer dink wat na Charlie geluister het? (2)
- 1.47. Hoe kyk Charlie na Mike? (1)
- 1.48. Haal DIREK aan uit die storie wat sê dat Charlie sy lewe vernader het. (1)
- 1.49. Wie kan veral nie uitgepraat raak oor die verandering in Charlie nie? (1)
- 1.50. Wat gaan haal Charlie? (1)
- 1.51. Waar was dit versteek? (1)
- 1.52. Hoekom sê Charlie vir Mike hulle moet aanstap? Gee TWEE feite. (1)
- 1.53. Wanneer sê Charlie vir Dingo sal hy hom weer sien? (1)
- 1.54. Wat doen Mike terwyl Charlie bogenoemde sê en sy tas oor sy skouer slinger? Gee 'n DIREKTE AANHALING uit die storie. (2)
- 1.55. Wat het Charlie die middag oor Mike opgemerk? (1)
- 1.56. Hoekom moet Charlie nader staan om te hoor wat Mike sê toe hy begin praat? (1)
- 1.57. Wat sê Mike toe vir Charlie. Skryf wat hy sê in die INDIREKTE REDE. (5)
- 1.58. Weet Charlie waarvan Mike praat? Haal aan uit die storie om jou antwoord te staaf. (2)
- 1.59. Waar gaan staan Charlie toe? (1)
- 1.60. Hoekom verstaan Charlie nie dat Mike sê dat dit sy skuld is dat Dingo dood is die dag dat hulle al drie saam tik-tik gevat het nie? (5)
- 1.61. Hoekom lê Charlie elke nag nog wakker? (1)
- 1.62. Hoekom wou Charlie gehad het Dingo moes tik-tik daardie aand gebruik? (1)
- 1.63. Wat het gebeur nadat Dingo die tik-tik gebruik het? Gee TWEE feite. (2)
- 1.64. Wat dink Charlie is Mike se plan? (1)
- 1.65. Hoe kan Mike sien dat Charlie kwaad is? Gee VIER feite. (4)
- 1.66. Wat sê Mike wat Charlie tot stilstand dwing? (1)
- 1.67. Wat dink die hele gemeenskap? (1)
- 1.68. Waaroor sê Mike voel hy baie moeg? (2)

- 1.69. Wat se effek het die tik-tik wat hulle gevat het op Mike gehad? (1)
- 1.70. Hoekom het Charlie nie geweet dat daar groot fout was met Dingo nadat hulle die tik-tik gevat het nie? (1)
- 1.71. Waarvoor het Dingo gekla nadat hulle die tik-tik gevat het? (1)
- 1.72. Wat wou Dingo toe doen? (1)
- 1.73. Wat het Dingo toe hulle net buitekant die deur op die boonste trap kom? (1)
- 1.74. Wat se fisiese tekens was daar dat iets met Dingo verkeerd was. (4)
- 1.75. Soos wat het Dingo se asemhaling geklink? (1)
- 1.76. Na wie het Dingo met elke asem saggies geroep? (1)
- 1.77. Wie het Mike en Dingo gehelp? (1)
- 1.78. Wat het almal gedoen wat verby Mike en Dingo geloop het? (2)
- 1.79. Wat het Dingo vir Mike gegee terwyl hulle die trappe afgesukkel het? (1)
- 1.80. Wat moes Mike hiermee doen? (1)
- 1.81. Wat het gebeur voordat Mike Dingo se ma kon bel? (1)
- 1.82. Waarmee het Mike gesukkel? (1)
- 1.83. Wat was Mike se reaksie oor Dingo wat bewusteloos geraak het? (1)
- 1.84. Wat sou gebeur as Mike se pa sou uitvind hy het dwelms gebruik? (1)
- 1.85. Wat het Mike gedoen wat tien teen een die oorsaak is dat Dingo doodgegaan het? Gee TWEE feite. (2)
- 1.86. Hoekom het Mike Dingo net so daar onder die trap gelos ten spyte van die feit dat Dingo ophou asemhaal het? (1)
- 1.87. Waarnatoe het Mike se pa gedink is Mike en Dingo? (1)
- 1.88. Wat sou Mike se pa se reaksie gewees het as hy geweet waar die twee wou heengaan? Haal sy DIREKTE woorde aan. (2)
- 1.89. Wat het Mike gedoen toe hy by die huis gekom het? (1)
- 1.90. Wat noem Mike homself. (1)
Wat is Charlie se reaksie oor dit wat Mike hom vertel het? (1)

NIE-LETTERLIKE VRAE

VRAAG 2

- 2.1. Die twee seuns se houding en aksies aan die begin van die storie sê onmiddellik vir die leser iets is nie pluis nie. Wat se

- emosies kan hieraan gekoppel word? (2)
- 2.2. Die milieu waar hulle sit word beskryf as stil. Wat anders kan jy sê omtrent die milieu? (3)
- 2.3. Noem dinge van die milieu om jou antwoord in die bg. vraag te staaf. (3)
- 2.4. Hoekom noem Charlie Dingo se graf sy nuwe kaia? (2)
- 2.5. Hoekom sal Cralie sê Dingo se graf is 'n kaia en nie 'n huis nie? (1)
- 2.6. In watter provinsie/s, kan ons aflei van Charlie se dialek, speel die storie af? (3)
- 2.7. Wat beteken dit as dit sê: "Sy lippe bewe effens toe hy weer praat." (2)
- 2.8. Hoekom sal Dingo se grafskrif sê: 'Vir 'n kort tyd was jy aan ons geleen...'"
- 2.9. Hoekom dink jy sê Mike die heelryd dat hy jammer is? (2)
- 2.10. Verduidelik wat 'n "Vibe" is? (2)
- 2.11. Hoekom dink jy bly Charlie by 'n tannie en nie by sy ouers nie? (2)
- 2.12. Hoekom dink jy wou die tannie by wie Charlie gebly het hê hy moes langs haar sit en TV kyk? (2)
- 2.13. Hoekom dink jy wou sy hê hy moes spesifiek saam met haar na 'n kerkprogram kyk? (2)
- 2.14. Kies die KORREKTE stelling wat gemaak word. Skryf die stelling uit.
- a. Charlie was kwaad omdat hy by die tannie moes sit.
 - b. Charlie was kwaad omdat hy na 'n kerkprogram moes kyk.
- 2.15. Hoekom sal predikante stry? (3)
- 2.16. Hoekom voel Charlie moet hy vir Dingo om verskoning toe hy "dooie mense" sê? (2)
- 2.17. Hoekom dink jy gaan sit Mike styf teen Charlie na sy uitbarsting? (2)
- 2.18. Hoekom dink jy sit Mike en kyk reguit voor hom uit en knip nie eens sy oë nie? (1)
- 2.19. Wat sê dit van Dingo se karakter as Charlie sê dat die hele skool en die hele gemeenskap hom gaan mis? (2)
- 2.20. Hoekom dink jy wikkel Mike hom onder Charlie se omhelsing uit en staan op, druk sy hande in sy broeksakke en gaan staan so 'n tree van die graf af weg en kyk na sy skoene? (3)
- 2.21. Charlie sê vir Mike hy moet nie sy buie op hom en Dingo uihaal nie. Noem 'n paar "buie" wat Mike sover al gehad het. (5)
- 2.22. Hoekom sê Charlie hy kon skree van verveeldheid toe hy

- die godsdienstige program moes kyk. (2)
- 2.23. Wat dink jy sou gebeur het as Charlie die kanaal van die TV verander het? (1)
- 2.24. Hoekom dink jy tel Charlie die heelyd 'n hand vol klippies op en skiet dit een vir een met sy duim en wysvinger in die lug op dat dit so 'n entjie ver val? (2)
- 2.25. Hoe kon Charlie sê dat die tik-tik hom daardie dag anders geaffekteer het? (5)
- 2.26. Wat kan ons aflei oor die hallusinasies wat die dwelmgebruikers het na aanleiding van die een wat Charlie gehad het. (5)
- 2.27. Hoekom dink jy het Charlie ophou om dwelms te gebruik? (2)
- 2.28. Wat beteken: "'n nuwe blaadjie omgeslaan"? (1)
- 2.29. Verduidelik: "kan nie uitgepraat raak nie." (1)
- 2.30. Hoekom lyk Charlie tevrede? (2)
- 2.31. Verduidelik wat Charlie bedoel as hy vir Dingo sê: "volgende keer wat ons 'n vry periode het." (1)
- 2.32. Wat beteken dit as Mike sê die skuld is te groot en dat hy dit nie meer kan dra nie? (2)
- 2.33. Hoekom het Charlie die heelyd gedink dat dit was wat hy gedoen het wat Dingo se dood veroorsaak het. (2)
- 2.34. Wat dink jy oor die feit dat Charlie net wou gehad het Dingo moes die dans geniet en daarom wou hy gehad het Dingo moes die tik-tik vat? (4)
- 2.35. Hoekom sê Charlie dat Mike hom nie nog erger kan laat skuldig voel as wat dit nou is nie? (2)
- 2.36. Wat sê dit van die jeug van vandag omdat almal net verby Dingo en Mike geloop het en die spot gedryf het in plaas daarvan om te help? (2)
- 2.37. Hoekom wou Dingo gehad het Mike moes sy ma bel? (2)
- 2.38. Wat sou die implikasies vir Mike gewees het, sou hy dit gedoen het? (3)
- 2.39. Hoekom is dit moontlik Mike se skuld dat Dingo dood is? (2)
- 2.40. Hoekom is die NIE Mike se skuld dat Dingo dood is NIE. (2)
- 2.41. Vertel van die tipe huis waarin Mike grootword wat hom so bang laat voel dat hy eerder 'n vriend sal laat doodgaan as om te erken waar hy was en dat hy dwelms gebruik het. (4)
- 2.42. Verduidelik: "Sy mond hang oop." (1)
- 2.43. Dink JY Mike is 'n lafaard? Sê hoekom jy so sê? (2)

VORMASPEKTE

- 3.1. Wat se tipe verteller is aan die woord in die storie? (1)
- 3.2. Wat is die tema van die verhaal? (2)
- 3.3. Wat is die stemming in die verhaal? (1)
- 3.4. In die verhaal is daar pertinent bewyse van OORSAAK en GEVOLG. Bespreek dit aan die hand van voorbeelde uit die teks. (10)
- 3.5. Skryf die kronologiese verloop van gebeure in die verhaal. (10)
- 3.6. Bespreek die ironie in die verhaal. (5)
- 3.7. Wat veroorsaak die intrige in die verhaal. (2)
- 3.8. Bepreek die ruimte of die milieu in die verhaal. (5)